Jesus is ons Here

# Naamloos, maar nie nutteloos nie

## Bybelteks

*Naäman, die bevelvoerder van die koning van Aram se leër, ... het 'n velsiekte gehad. Die Arameërs het in roofbendes uitgetrek en 'n klein dogtertjie uit die land Israel weggevoer. Sy was in diens van Naäman se vrou. Sy het vir haar eienares gesê: "As my heer maar net voor die profeet kon verskyn wat in Samaria is, dan sou hy hom van sy velsiekte verlos." Naäman het toe met sy perde en strydwa gekom en voor die ingang na Elisa se huis stilgehou. Elisa het 'n boodskapper na hom gestuur met die woorde: "Gaan was jou sewe keer in die Jordaan, sodat jou liggaam kan herstel, en word so rein." [Naäman] het toe afgegaan en sy liggaam sewe keer in die Jordaan gedompel, volgens die woord van die man van God. Sy liggaam het herstel en ... hy was rein.*

**– 2 Konings 5:1-3, 9-10, 14**

## Kernwaarheid

**Vir God gaan dit nie oor wie die belangrikste, beste of slimste is nie, maar oor wie aan Hom gehoorsaam is. Hy kan jou gebruik, al voel jy onbelangrik.**

### WELKOM

- Watter "maklike instruksie" moes jy uitvoer?

- Was dit vir jou maklik om te doen? Hoekom sê jy so?

### WONDER

- Hoe tree die naamlose dogtertjie in die verhaal op?

- Hoekom was haar optrede onverwags?

- Was daar al 'n keer wat jy gevoel het jy kan iemand help, maar toe te skaam of te bang was om dit te doen?

- God gebruik selfs mense wat ander mense dink onbelangrik is. Het jy al gesien hoe God 'n onverwagte persoon gebruik het?

## WEES

Lees weer jou belydenis en kyk na die simbool wat jy uitgedink het. Dit sal jou help onthou wie God vir jou is.

## WEGSTUUR

Plak jou plakker iewers waar jy dit gereeld sal sien. Dit sal jou herinner wie God vir jou is en dat God jou ook gebruik om vir ander mense te wys wie Hy is.